


Prof Erik Holm CV

Prof. Erik Holm is veral as entomoloog bekend in welke hoedanigheid hy vir 20 jaar as departementshoof aan Die Universiteit van Pretoria gedien het. As 'n erkende voorstander van wetenskaplike kennisoordrag aan die publiek het prof. Holm vir dekades lank talle radiopraatjies en honderde openbare lesings gelever, twaalf gewilde wetenskaplike boeke gepubliseer, en twee TV-dokumentêre reekse oor geleedpotiges geskryf en geregisseer. Sy stokperdjies sluit tradisionele handwerke in, waaronder veral houtspeekvervoermiddels wat deur diere getrek is.

Oor die verloop van jare het hy etlike honderde ossewaens en perdekarre vir privaat eienaars en museums gerestoureer en in 2021 het hy hierdie lewenswerk met die publikasie van sy boek *Die ossewa en sy spore* bekroon. Prof. Holm is in 2019 deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns met die Senior Kaptein Scottmedalje vereer, en dien tans as raadslid en konsultant vir ZZ2-boerderye waar hy in die toepassing van ekologiese beginsels op die struktuur en strategie van boerdery-ondernemings spesialiseer.



Augustus 2022